higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

# TOERISMEBEDRYWIGHEDE
## NKR VLAK 3

(11011073)

**21 November 2024 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 3 addendums van 6 bladsye.**

402Q1N2421

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOERISMEBEDRYWIGHEDE
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

1.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 ’n Spesifieke groep verbruikers met soortgelyke eienskappe wat waarskynlik ’n produk sal gebruik

1.1.2 Uitdeel van geld of pryse by ’n geleentheid

1.1.3 ’n Persoon wat in ’n organisasie werk wat idees in winsgewende realiteite omskakel

1.1.4 ’n Klein hoeveelheid individue wat gereed saam aan aktiwiteite deelneem

1.1.5 Die maandelikse betaling vir versekering

1.1.6 ’n Groot bord in die buitelug wat vir advertensies gebruik word

1.1.7 ’n Nadeel van hierdie ondernemingsvorm is dat as een vennoot sterf, moet die onderneming weer gestig word

1.1.8 ’n Persoon wat almal in die span oorreed om saam te werk om die groep se doelwit te bereik

1.1.9 Die proses waarin stede groei namate meer mense soontoe verhuis

1.1.10 ’n Doelwit wat jy binne tien jaar wil bereik

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die bemarkingsmengsel staan ook as die 4 P’s van bemarking bekend.

1.2.2 Die Engelse afkorting BEE staan vir Black Economic Environment.

1.2.3 Die Engelse akroniem MICE staan vir Meetings, Incentives, Conferences and Expos.

1.2.4 Reklame is ’n betaalde vorm van kommunikasie met moontlike klante.

1.2.5 Mense wat jou geld skuld, word krediteure genoem.

(5 × 2) (10)
**[30]**

**VRAAG 2**

Bemarking is 'n sleutelaktiwiteit in die toerismebedryf.

Bestudeer die advertensie hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



2.1 Definieer die term *bemarking*. (3)

2.2 Identifiseer die bemarkingsmengsel in die advertensie. (4 × 2) (8)

2.3 Die produklewensiklus verwys na die fases waardeur 'n produk gaan.

2.3.1 Ontleed die advertensie en bepaal die fase van die genoemde produk. (1)


2.3.2 Staaf jou antwoord op VRAAG 2.3.1. (2)

2.4 Identifiseer die volgende geïntegreerde bemarkingskommunikasietegnieke:

2.4.1




2.4.2



2.4.3




(3 × 2) (6)

2.5 Verduidelik kortliks VYF doelwitte van geïntegreerde bemarkingskommunikasie.

(5 × 2) (10)
**[30]**

**VRAAG 3**

Alistair wil sy eie onderneming begin. Hy wil 'n koswa koop wat in plaaslike kos spesialiseer. Hy beplan om by bekende plaaslike attraksies te staan om 'n groot hoeveelheid toeriste te bereik. Alistair is 'n energieke, hardwerkende man, wat glo hy kan 'n sukses van sy onderneming maak. Hy is bereid om risiko's te neem om te verseker dat sy onderneming binne die volgende vyf jaar winsgewend en gewild word.

3.1 Sou jy Alistair as 'n *entrepreneur* of 'n *intrapreneur* klassifiseer? (1)

3.2 Staaf jou antwoord op VRAAG 3.1. (1)

3.3 Identifiseer VIER eienskappe van Alistair wat die sukses van sy onderneming kan verseker. (4)

3.4 Maak 'n voorstel aan hom oor die maklikste ondernemingsvorm om te stig en te bestuur. (1)

3.5 Dit is belangrik dat Alistair as 'n belastingbetaler by SAID registreer.

3.5.1 Verduidelik vir hom die verskil tussen inset-BTW en uitset-BTW.

(2 × 2) (4)

3.5.2 Alistair koop sy voorraad by Grocery Express en betaal R9 250 voor belasting. Hy verkoop sy voorraad teen 'n prysverhoging van 25%.

(a) Bereken die inset-BTW.

(b) Bereken die koopprys van die goedere.

(c) Bereken die verkoopsprys.

(d) Bereken die uitset-BTW op die verkoopsbedrag.

(e) Bereken die BTW wat hy aan SAID moet betaal.

(5 × 3) (15)

3.6 Wat is die titel van die wet wat oor vergoeding vir werksbeserings handel? (2)

3.7 Wat is die doel van hierdie wet? (2)

**[30]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4**

Bestudeer die advertensie van die Kaapstad Jazzathon hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.




4.1 Identifiseer TWEE borge van hierdie geleentheid uit die advertensie. (2)

4.2 Die *Cape Times* is ’n Engelse koerant. Noem EEN voordeel van die plasing van advertensies in ’n koerant. (2)

4.3 Die AIDA-beginsel word in hierdie advertensie gebruik. (2)

4.3.1 Noem en verduidelik die komponente van die AIDA-beginsel. (4 × 2) (8)

4.3.2 Hoe word die verskillende komponente van die AIDA-beginsel in hierdie advertensie toegepas? (4)

4.4 Stel riglyne op om te verseker dat personeel die regte volgorde van stappe volg in die gebruik van geïntegreerde bemarkingskommunikasie. (7 × 2) (14)
**[30]**

**VRAAG 5**

Voordat 'n onderneming gestig word, is dit belangrik om navorsing te doen om vertroud te raak met die mark en die teikenmark te identifiseer.

5.1 Verduidelik die term *marksegmentering*. (2)

5.2 Kies EEN teikenmark uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| senior mark; korporatiewe reisigers; ontspanningsmark; inkomende toeriste; jeugmark; gesinsmark |

5.2.1 Geniet 'n smaaklike ete terwyl die kinders in die speelarea vermaak word

5.2.2 Vlieg met Emirates-besigheidsklas en geniet gemak, fynproewerkos of tyd in die sitkamer op die vliegtuig

5.2.3 Kom saam met ons vir die beste tyd van jou lewe – spesiale skoolverlaterpakket, sluit in hostelverblyf, aktiwiteite, regstreekse musiekvertoning en baie meer

(3 × 2) (6)

5.3 Bestudeer die volgende uittreksel van ’n kontrak en beantwoord die vrae wat daarop volg.

# OOREENKOMS

Hierdie Huurooreenkoms (die “Ooreenkoms”) word aangegaan op 1 Maart 2024 deur en tussen:

**Verhuurder:** Mev C Langley (“Verhuurder”) EN

**Huurder(s):** Mnr B Black (“Huurder”).

In die geval dat daar meer as een Huurder is, verwys elke verwysing na “Huurder” na elkeen, gesamentlik en afsonderlik. Elke Huurder is gesamentlik en afsonderlik betaling van huur en uitvoering ingevolge alle ander bepalings van hierdie Ooreenkoms aan die Verhuurder verskuldig. Daar kan individueel na die Verhuurder en Huurder verwys word as ’n “Party” en gesamentlik as die “Partye.”

**1. Perseel.** Die perseel wat verhuur word, is ’n ☒woonstel ☐huis ☐kondominium ☐kamer ☐meenthuis ☐dubbelverdiepingwoonstel ☐skakelhuis ☐ander: _____ met:

(a) 1 badkamer
(b) 1 slaapkamer
(c) _____ parkeerplek(ke) ☒ Parkering word nie by die Perseel ingesluit nie

geleë te Kerkstraat 5, Oos-Londen (die “Perseel”).

Meubilering: (merk een)
☒ Die Perseel is NIE gemeubileer nie.
☐Die Perseel sluit die volgende meubilering in: _____
_____.

**2. Huurooreenkoms.** Die Verhuurder stem in om aan die Huurder te verhuur en die Huurder stem in om van die Verhuurder te huur ingevolge die bepalings en voorwaardes hierin uiteengesit.

**3. Termyn.** Hierdie Ooreenkoms word geag die volgende te wees: (merk een)
☒ Vaste huurkontrak. Hierdie Ooreenkoms geld vir ’n termyn wat begin op 15 Maart 2024 en eindig op 14 Maart 2025 (die “Termyn”). Aan die einde van die Termyn:

**4. Huur.** Die Huurder sal aan die Verhuurder ’n maandelikse huurbedrag van R3 500 vir die Termyn betaal. Die Huur is vooruit en op die 15de dag van elke maand tydens die Termyn betaalbaar.

TER GETUIES HIERVAN voer die Partye hiervolgens, individueel of deur hul behoorlik gemagtigde verteenwoordigers, hierdie Ooreenkoms met invang van die Effektiewe Datum uit.

_____ **Verhuurder** Handtekening

_____ **Verhuurder** Volle naam

_____ **Huurder** Handtekening

_____ **Huurder** Volle naam

Kopiereg voorbehou

5.3.1 Definieer die konsep *kontrak*. (4)

5.3.2 Sou jy hierdie as 'n *verkoopskontrak* of as 'n *verhuringskontrak* klassifiseer? (2)

5.3.3 Noem die VIER komponente van 'n kontrak. (4)

5.3.4 Identifiseer die VIER komponente van die kontrak hier bo. (4)

5.4 Kies 'n item/term/beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/term/beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.4.1–5.4.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.4.1 | Inherente ondernemingsrisiko | A | 'n beplande toer is gekanselleer weens lugdiensstakings |
| 5.4.2 | Eksterne ondernemingsrisiko | B | swak dienslewering deur personeel, wat die onderneming 'n slegte reputasie gee |
| 5.4.3 | Toevallige ondernemingsrisiko | C | verhoging van rentekoerse |
| 5.4.4 | Ondernemingsproses-risiko | D | verhoging van petrolprys, wat die wins van die reisagent beïnvloed |

(4 × 2) (8)

**[30]**

## VRAAG 6

6.1 Stel TWEE maniere voor waarmee die doeltreffendheid van bemarkingskommunikasie gemeet kan word. (2)

6.2 Bestudeer die inkomstestaat van Rainbow Tours hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| **Inkomstestaat vir die maand geëindig 29 Februarie 2024** | | |
|---|---|---|
| Fooie ontvang inkomste | | R200 000 |
| Minus uitgawes: | | |
| Reklame | R6 500 | |
| Waardevermindering | R6 000 | |
| Posgeld | R2 500 | |
| Skryfbehoeftes | R3 500 | |
| Telefoon | R5 000 | |
| Salaris: eienaar | R25 500 | |
| Salaris: ander | R20 200 | |
| Elektrisiteit en water | R9 500 | |
| Algemene uitgawes | R5 000 | |
| | | |
| Netto wins voor belasting | | |

6.2.1 Bereken die totale uitgawes vir die maand. (2)

6.2.2 Hoeveel geld word aan salarisse bestee? (3)

6.2.3 Bereken Rainbow Tours se wins. (4)

6.3 Identifiseer die volgende soorte ondernemings:

6.3.1 Hierdie onderneming kan deur tot tien mense besit word, en die bates en laste van die onderneming word as afsonderlik van die bates en laste van die lede beskou.

6.3.2 Die registrasie van hierdie soort onderneming is baie duur en dit is ingewikkeld om te bestuur.

6.3.3 Hierdie soort onderneming kan deur tot 20 mense bestuur word en hul persoonlike skuld word nie as afsonderlik van die onderneming beskou nie.

(3 × 2) (6)

6.4 Dit is belangrik om ’n sakeplan op te stel wanneer ’n onderneming gestig word.

6.4.1 Noem DRIE voordele van ’n sakeplan vir die entrepreneur. (3)

6.4.2 Noem TWEE doelwitte van ’n sakeplan vir finansiële instellings. (2)

Kopiereg voorbehou 

6.5 Bestudeer die volgende uittreksel uit 'n sakeplan en beantwoord die vrae wat daarop volg:

1. Dekblad
   - Naam van onderneming & persoonlike inligting
   - Onderneming se logo
   - ???
   - Inhoudblad

2. Opsomming

3. Beskrywing van voorgenome onderneming
   - Soort eienaarskap
   - Beskryf onderneming
   - Uniekheid van produk
   - Doelwitte van onderneming

4. Bemarkingsplan

5. Finansiële plan
   - Finansiële state
   - Finansieringsbron
   - Sekuriteit
   - SWOT-ontleding

6. Bestuursplan
   - Personeel
   - Organogram
   - Werkbepalings

7. Gevolgtrekking

8. Steunmateriaal

6.5.1 Identifiseer EEN stuk inligting wat op die dekblad ontbreek. (1)

6.5.2 Beskryf watter besonderhede onder die opsomming ingesluit moet word. (2)

6.5.3 Identifiseer EEN stuk inligting wat nie deel van die finansiële plan vorm nie. (2)

6.5.4 Noem DRIE items wat onder werkbepalings ingesluit moet word. (3)
**[30]**

**TOTAAL: 180**

Kopiereg voorbehou

**ADDENDUM A**

EDUSPORT TRAVEL AND TOURS

CALL US:
+27 (0) 31 265 0040

ENQUIRE NOW

# Rugby Travel Packages

Whether you are cheering for the Bokke, the Blitzbokke (or even if you support another team), our rugby travel packages take you to the best events in the world to experience the action up close and in person. Nothing compares to the electric atmosphere in the stands when a try is scored, especially in an iconic stadium such as Twickenham.

Rugby World Cup 2023 – Quarter Final Weekend – Category 3 Tickets
From R43,590 per person sharing

## Standard Package 4* Hotel

**From R43,590 per person sharing**
Package Dates: 13–16 October 2023

**Inclusions**

- 3 night's accommodation in Paris at a selected 4 Star hotel
- City Tax (Rate subject to change)
- Breakfast Daily
- Guaranteed Official Rugby World Cup 2023 match tickets; Quarter Final 2 (14 Oct) and Quarter Final 4 (15 Oct) Category 3
- Travel Insurance
- Tour Liaison

Kopiereg voorbehou 

## Exclusions

- Domestic and International flights and airport taxes
- All transfers
- Excursions not mentioned, optional extras / optional sightseeing
- Items of a personal nature such as telephone calls, laundry etc
- Meals and drinks not specified
- Tips, porterage and gratuities
- Visa (Required by South African Passport holders)

## Additional Information

- All packages are valid for 24 hours from the date the quote is sent and is subject to rate of exchange fluctuations & availability at the time of booking.
- Cancellation: Airline & hotel cancellation penalties will apply & Match tickets are non-refundable.
- Edusport Travel's standard terms and conditions apply – see Booking Contract for details
- Courier supplement to outlying areas may apply*

## Terms & Conditions

- Rugby World Cup Match Ticket Terms and Conditions:
- The customer purchasing the Rugby World Cup package must have a billing address which is their permanent and primary residential address.
- Customers may not resell, offer, expose, dispose of any Match Tickets or make available by any mean any Match Tickets to another party.
- Match Tickets must form part of a Travel Package and may not be sold as a standalone item.
- You may not use this package for Prizes or Competitions or for any promotional purposes.
- Match Tickets may not necessarily be located together. Edusport will use its best endeavors to fulfil any specific requests however we cannot guarantee specific seating requests.
- Each traveller is required to provide us with their full name and passport copy in order for Edusport to record against all match tickets purchased.
- Match Ticket prices are subject to change with or without prior notice
- Edusport Travel shall not be liable to you our customer for its inability to perform any obligations under this agreement caused by a Force Majeure Event.
- Failure to adhere to these Match Ticket Terms and Conditions could result in the cancellation of your booking without refund.

We can tailor many of our packages to include flights, additional nights and hotel and ticket upgrades.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

**ADDENDUM B**

| COSTING SHEET – GREY COLLEGE HOCKEY TOUR | | |
|---|---|---|
| **COMPONENTS** | **CALCULATION** | **TOTAL** |
| **Tankwa Karoo National Park** | **R52 per adult, per day**<br>**R26 per scholar, per day** | |
| **Cango Caves** | **HERITAGE TOUR**<br><br>**The HERITAGE TOUR depart on the hour every hour daily from 9:00 am – 4:00 pm**<br><br>**Admission Fees**<br>**Adults: R 170.00**<br>**Scholar: R 120.00** | |
| **Cango Wildlife Ranch** | **Adults: R210.00**<br>**Scholars: R130.00** | |
| **Diaz Museum Complex** | **Complex & Caravel**<br><br>**Adults: R 40.00**<br>**Children under 18: R 10.00** | |
| **Outeniqua Transport Museum**  | **R20.00 per person** | |

Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| **Kleinplaas – Oudtshoorn 2 nights**<br><br>Kleinplaas<br>Self Catering / Holiday Resort<br><br>**2 BEDROOM CHALET (SLEEPS 6)** | **R1,766.00**<br>**Per night per chalet** | |
| **Pine Lodge Resort – George 4 nights**<br><br>PINE LODGE<br>RESORT<br><br>**Two Bedroom 6 Sleeper** | **ZAR 1,514.70**<br>**Cost for 1 night, 6 guests** | |
| **Meals** | **R150 p/p per day** | |
| **Sub-Total** | | |
| **5% Mark-up** | | |
| **Total for tour group** | | |
| **Cost per person** | | |

Kopiereg voorbehou

## ADDENDUM C

**Standard Bank**

**FOREX OPENING INDICATION RATES FOR 09 June 2022 as at 13:00**

**Rates for amounts up to R 200 000**

**Closing rate history for date :** 2022-06-08 16:00:39.268 Load

| | | Bank Buying | | | Bank Selling | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Country | Cur | T/T | Cheques | Foreign Notes | Cheques and T/T | Foreign Notes |
| **QUOTATIONS ON BASIS RAND PER UNIT FOREIGN CURRENCY** | | | | | | |
| BRITSH POUND | GBP | 18.7892 | 21.2081 | 18.7891 | 19.4619 | 19.4619 |
| EURO | EUR | 16.0538 | 18.0047 | 16.0538 | 16.6595 | 16.6595 |
| UNITED STATES DOL | USD | 15.0754 | 15.9193 | 15.0754 | 15.4403 | 15.4403 |
| **QUOTATIONS ON BASIS FOREIGN CURRENCY PER R1** | | | | | | |
| UAE DIRHAM | AED | .2471 | | | .2346 | |
| AUSTRALIAN DOLLAR | AUD | .0932 | .0924 | .0932 | .0893 | .0893 |
| BRAZILLIAN REAL | BRL | .3251 | | | .3173 | |
| BOTSWANA PULA | BWP | .8194 | .7987 | .8194 | .7472 | .7472 |
| CANADIAN DOLLAR | CAD | .0841 | .0861 | .0841 | .0806 | .0806 |
| SWISS FRANC | CHF | .0654 | .0603 | .0654 | .0627 | .0627 |
| CHINESE YUAN | CNY | .4466 | | .4466 | .4285 | .4285 |
| CZECH KRONER | CZK | 1.5408 | 2.2134 | | 1.4788 | |
| DANISH KRONER | DKK | .4640 | .4385 | | .4459 | |
| EGYPTIAN POUND | EGP | 1.2723 | | | 1.1774 | |
| FIJI DOLLAR | FJD | .1481 | | | .1367 | |
| GHANA CEDI | GHS | .5645 | | | .5227 | |
| HONG KONG DOLLAR | HKD | .5250 | .5094 | .5250 | .5040 | .5040 |
| HUNGARIAN FORINT | HUF | 25.0149 | | | 23.2839 | |
| ISRAELI SHEKEL | ILS | .2244 | | .2244 | .2129 | .2129 |
| INDIAN RUPEE | INR | 5.3008 | 4.8434 | | 4.8903 | |
| JAPANESE YEN | JPY | 8.9015 | 7.3319 | 8.9015 | 8.5739 | 8.5739 |
| KENYAN SHILLING | KES | 8.1789 | 7.9641 | | 7.3833 | |
| SRI LANKA RUPEE | LKR | 24.3091 | 12.9607 | | 22.8966 | |
| LESOTHO LOTI | LSL | 1.0000 | | 1.0000 | 1.0000 | 1.0000 |
| MOROCCAN DIRHAM | MAD | .6044 | | | .5675 | |

Kopiereg voorbehou

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| MALAGASY ARIARY | MGA | 214.9860 | | | 182.4446 | |
| MAURITIAN RUPEE | MUR | 3.0248 | 2.7968 | 3.0248 | 2.7752 | 2.7752 |
| MALAWI KWACHA | MWK | 69.8456 | 53.5457 | | 65.3679 | |
| MEXICAN PESO | MXN | 1.3370 | | | 1.2278 | |
| MOZAMBIQUE NETICA | MZN | 4.4158 | | | 3.9578 | 3.9578 |
| NAMIBIA DOLLAR | NAD | 1.0000 | | 1.0000 | 1.0000 | 1.0000 |
| NIGERIAN NAIRA | NGN | 67.2528 | 27.7136 | | 25.6435 | |
| NORWEGIAN KRONOR | NOK | .6348 | .5909 | | .6091 | |
| NEW ZEALAND DOLLA | NZD | .1038 | .0992 | .1038 | .0994 | .0994 |
| POLISH ZLOTY | PLN | .2910 | | | .2698 | |
| QATAR RIYAL | QAR | .2486 | | | .2290 | |
| ROMANIAN LEU | RON | .3140 | | | .2910 | |
| RUSSIAN ROUBLE | RUB | 4.0579 | | | 3.6348 | |
| RAWANDAN FRANC | RWF | 75.4872 | | | 64.2475 | |
| SAUDI RIYALS | SAR | .2560 | | | .2359 | |
| SWEDISH KRONER | SEK | .6546 | .5901 | | .6292 | |
| SINGAPORE DOLLAR | SGD | .0919 | .0918 | .0919 | .0883 | .0883 |
| SOUTH SUDAN POUND | SSP | 32.7354 | | | 29.5655 | |
| SWAZILAND LILANGE | SZL | 1.0000 | | 1.0000 | 1.0000 | 1.0000 |
| THAI BAHT | THB | 2.3483 | 2.1818 | 2.3483 | 2.1754 | 2.1754 |
| TUNISIAN DINAR | TND | .1874 | | | .1724 | |
| TURKISH LIRE | TRY | 1.1638 | | | 1.1036 | |
| TANZANIA SHILLING | TZS | 159.3988 | | | 146.3054 | |
| UGANDA SHILLING | UGX | 253.7246 | | | 233.1561 | |
| CFA FRANC | XAF | 42.5236 | | | 38.8393 | |
| SENEGALESE FRANC | XOF | 42.1369 | | | 38.8846 | |
| ZAMBIAN KWACHA | ZMW | 1.1685 | | | 1.0566 | |

**'Cheques' denotes Travellers cheques, Personal cheques, Drafts and Clean items.**

**Exchange rates supplied by Corporate and Investment Banking Division**

Kopiereg voorbehou